# Notule van Barmhartigheidsaksie
# 7 Februarie 2017, 17:30, leeskamer

**Teenwoordig:** Monty Sahd, Noëlline Lutz, José Kritzinger, Suzette Stiglingh, Mary Conradie, Karin Calitz, Lydia Burger, Ina Dippenaar, Lize van Schalkwyk, Betta Augustyn, Marietjie Visagè, **Verskonings**: Christa van Heerden, Erina Keizer, Beaty Pretorius (gas). **Afwesig**: Hanna Sahd

1. Monty Sahd open die vergadering.
2. Die notule van die vorige vergadering (25 Oktober 2016 ) word goedgekeur.
3. **Finansies**

**Kwartaalverslag: FINANSIES OKT 2016-JAN 2017**

- **UITEENSETTING VAN KERSPROJEKFONDSE – tot einde Des 2016:**
  **Totale Inkomste = R46 741.50**
  **Totale Uitgawes = R42 800.00**

**Oorbetaling van skenkings (volledige verslag vir insae in die kerkkantoor)**

- Die volgende instansies en persone ontvang fondse of skenkings: ACVV, Stb Voedingsaksie, Stb Hospice, Huis Horison, Nagskuiling, Stellemploy, Geluksoord, Safe House, ABBA, die behoeftige student, Jeuguitreik, die Naaldwerkprojek, Jamestown Sounds, Alta du Toit-sentrum, Valencia en Mbulelo.
- Spesiale deurkollektes vir Stb Kindersorg (R3 043, Kansa (R3 137) en Stb Vigsaksie (3 000) is ontvang en oorbetaal.

**Beskikbare fondse:**

- Ruim skenkings is ontvang vir barmhartigheid. Saam met die oorblywende bedrag uit die DvB begroting, ‘n bedrag van R3 941.50 uit die Kersprojek wat nog nie oorbetaal is nie, R7 000 uit die projekte wat kos voorsien vir Nagskuiling en broodjies vir Cloetesville se koorkinders is nog R39 463 beskikbaar wat op die vergadering geallokeer word.
  DvB Noodfonds: Daar is nog R6 000 beskikbaar, wat weer deel kan vorm van die nuwe boekjaar se DvB begroting.

**Begroting vir die nuwe boekjaar, soos aangevra:**
**ABBA**: R5000
**Wol**: R3000
**Naaldwerk**: R3 000
**Barmhartigheidsaksie diverse uitgawes**: R10 000
**Barmhartigheidsaksie Noodfonds**: R10 000
**Jamestown Sounds Musiekprojek**: R17 000
**Nagskuiling aandetes** deur kerkkombuis voorsien: R5 000
**TOTAAL R53 000)**

4. **Verslae**

**KWARTAALVERSLAG: ABBA**
Lydia Burger
Abba hou ‘n Herfs High Tea op Saterdag 1 April om 15:00 by die VGK gemeente in Cloetesville. Lidmate word gevra om dit te ondersteun. Abba het steeds ‘n tekort aan fondse. Die B-Aksie keur R9 000 goed as bydrae vir Abba.

**KWARTAALVERSLAG: ACVV**
José Kritzinger
ACVV se maatskaplike afdeling lewer dienste aan kinders en gesinne op verskeie vlakke, heelwat gemeenskaps-projekte word aangebied, ‘n crèche en naskoolsentrum bedryf en daar word met verksie plaaslike skole en welsynsorganisasies saamgewerk.
Die ACVV versoek fondse vir skoolbenodigdhede, voedselaankope en toiletware vir behoeftige mense. R5 000 word goedgekeur as bydrae vir die ACVV.

**KWARTAALVERSLAG: GELUKSOORD**
Hanna Sahd
Geluksoord versoek kleurvolle ronde tafeldoeke vir beide eetkamers asook skinkbordlappies. Daar is ook 'n behoefte daaraan dat daar gereeld vir al die inwoners 'n lekker eetdingetjie uitgedeel word soos wat die Vriende van Geluksoord in die verlede gedoen het. Die Naaldwerkgroep sal gevra word om materiaal aan te koop uit fondse wat nog op die begroting beskikbaar is, en om die produkte te maak.

**KWARTAALVERSLAG: HUIS HORISON**
Christa van Heerden
Daar is tans 103 inwoners by die sentrum en so byna 40 dagwerkers wat daagliks by hulle aansluit. Huis Horison versoek fondse vir bedryfskoste asook vir die aankope van tuinstoele, toiletware, doeke en wol. Lidmate word gevra om aan te sluit by Huis Horison se MySchoolondersteuners asook om die jaarlikse gholfdag op 16 Maart by Stellenbosch Gholfbaan te ondersteun deur deelname, die borg van 'n bemarkingsgat of pryse skenk. Die vergadering keur ‘n skenking van R6 000 vir Huis Horison goed.

**KWARTAALVERSLAG: JAMESTOWN SOUNDS**
Karin Calitz
Die projek het ‘n baie positiewe rol in die gemeenskap waar dit baie meer waardes opbou as net musiekkennis. Een van die leerlinge wat destyds as jong kind by die musiekprojek te Weber Gedenk begin het, toe Bloemhof skool toe is en toe gaan studeer het, is onlangs aangestel as onderwyseres by Weber Gedenk, waar sy iets van haarself kan terugploeg in die gemeenskap.

Hulp word gevra vir 'n 'n briljante klarinetstudent, Peter-John Hartnick wat nou vir sy diploma in Musiek by die konservatorium kan registreer, maar daar is nie geld vir die registrasie en die eerste paaiement klasgeld nie**.** R4000 word aan Jamestown Sounds gegee om aan te wend na goeddunke.

**KWARTAALVERSLAG : JEUGUITREIK**

Lize van Schalkwyk

Charlene Vermeulen, die bestuurder, is tans met kraamverlof en haar pos word tydelik beman. Jeuguitreik bedank die gemeente vir fondse waarmee hulle onder andere twee vrieskaste kon aanskaf. Hulle versoek fondse om te help met die aankope van huishoudelike items, kos, skryfbehoeftes, klere en kospakkies. R2 000 word aan Jeuguitreik gegee.

**KWARTAALVERSLAG: NAGSKUILING**

Marietjie Visagé

Die kerk se voortgesette betrokkenheid by die Nagskuiling is "van onskatbare waarde".

Die skuiling vra hulp van mense om sop of ander aandetes te maak, asook koffie, poeiermelk, enige smere vir brood, botter en swartsakke. R1 000 word vir die doel aan Nagskuiling gegee.

**KWARTAALVERSLAG: ONDERSTEUNING BEHOEFTIGE STUDENTE**

Lydia Burger

As gevolg van die "Fees must fall"-veldtog verlede jaar het Andisiwe van haar eksamens in November en ander in Januarie vanjaar geskryf. Sy het dus nog nie haar eksamenuitslae gekry nie, maar is tans in haar laaste jaar van studie. Andisiwe sal vanjaar weer ongeveer R10 000 benodig vir haar persoonlike koste (toiletware, kos, vervoerkoste). R5 000 word vir eers vir Andisiwe goedgekeur en die administrasie van die geld sal deur Lydia Burger gedoen word.

**KWARTAALVERSLAG: PAARL HOSPITAAL**

Mary Conradie

Die gemeente word bedank vir die maak van sakke vir "Bless-a-baby" . "Bless-a-baby" wil graag hul werksaamhede uitbrei en is ernstig op soek na 'n lokaal in die Stb area vanwaar hulle kan werk en produkte kan stoor. Broeikas- lakens en hospitaal jurkies vir die premature babas bly 'n groot nood. Enige vorm van betrokkenheid word baie waardeer. Die gemeente word uitgenooi om die eenheid te besoek. Die Naaldwergroep sal uit oorblywende fondse in die materiaalbegroting, materiaal aankoop vir broeikaslakens en hospitaaljuries, en sal dit ook maak.

**KWARTAALVERSLAG: SAFE HOUSE**

Lize van Schalkwyk

'n Bouprojek om hulle fasiliteite te vergroot, begin 1 Maart. Heelwat boumateriaal en items word nog hier benodig. Die sentrum benodig ook kruideniersware en vleis, asook drukker-papier, reënjasse vir die komende winter en onderklere vir inwoners. R5000 word vir Safehouse gegee om te verdeel tussen die bouprojek en ander behoeftes.

**KWARTAALVERSLAG: STELLEMPLOY**

Betta Augustyn

Dit help werklik persone om deur ondersteuning opleiding te ontvang wat hulle bemagtig om 'n werk te kry of selfs 'n eie besigheid te begin. Baie studente kry goeie werk en presteer dikwels in die veld waar hulle opgelei is. Stellemploy het 'n besige opleidingsprogram vir die eerste kwartaal van 2017 en hulle benodig geldelike ondersteuning vir verversings van studente. Die jaar se opleidingsprogramme begin in Februarie met'n loodgieter/sonpaneel-kursus, wat weer gevolg word deur 'n timmerman- en voedselbereidingkursus. R4 000 word aan Stellemploy gegee.

**KWARTAALVERSLAG: VOEDINGSAKSIE**

Ina Dippenaar

Die gemeente word bedank vir die gemeente se ruim skenkings oor die Kerstyd.

Die ruim donasie van 35 kosemmertjies, 3 bokse voorraad en 600 lekkergoedpakkies aan die kinders by ons voedingspunte asook die bydrae van R1 900 op 13 Des '16 het baie verligting en vreude gebring oor die Kerstyd.

Voedingsaksie benodig voedselskenkings en fondse vir die aankoop van kos waarmee 12 behoeftige gemeenskappe daagliks gevoed word. R4000 word vir Voedingsaksie bewillig.

**KWARTAALVERSLAG: BARMHARTIGHEIDSAKSIE SE STOOR**

Suzette Stiglingh

Die stoor word op 'n gereelde basis uitsorteer en talle tweedehandse produkte aan instansies geskenk. Heelwat skoolklere van Bloemhof en Eikestad word ook na Makatini sendingstassie gestuur.

5. **Projekte**

**<u>5.1 KERSPROJEK 2016</u>** (volledige verslag in die Kerkkantoor beskikbaar)

Die projek loop oor November en Desember en R46 741.50 word deur lidmate geskenk. Heelwat skenkings van kos, toiletware, skoonmaakmiddels en skoolbenodigdhede word ook gedoen. 'n Rekordgetal van 80 gesinskospakke word aan die ACVV en Voedingsaksie geskenk, 650 lekkergoedpakkies aan Voedingsaksie en die ACVV vir kinders oor Kerstyd, en heelwat bokse met kos en toiletware aan die organisasies wat ons ondersteun (ACVV, Voedingsaksie, ABBA, Safehouse, Nagskuiling, Jeuguitreik, Huis Horison). Geluksoord se personeel en Huis Ebenhaeser en Paarl Hospitaal se neo-natale eenheid se inwoners en personeel kry Kerspakkies – in totaal sowat 230 pakkies. Sowat 150 skoolsakke met skoolbenodigdhede word aan Jeuguitreik, ACVV, Akkerland Crèche in Jonkershoek, Safehouse en House of Grace gegee. Linne ter waarde van R10 760 word aan Hospice se hospitaalsaal geskenk. Lidmate help verpak en uitdeel. Geskenkpapier (250 rolle) van die Alta du Toit Nasorg Sentrum vir verstandelik gestremde volwassenes word teen R2 500 aangekoop as ondersteuning. Die gemeente koop die rolle teen R10 elk. Sowat 30 rolle bly oor en sal vir volgende jaar gebêre word.

Kersdagkollekte: R8 718 vir Die Kerkbode Kersfonds(weeshuise) en R8 718 Studietrust(beurse vir behoeftiges).

**5.2 BARMHARTIGHEIDSMAANDPROJEK 2017**

**Soos in die vorige vergadering goedgekeur, verval die die tradisionele Barmhartigheidsmaandprojek wat altyd in Augustus was, en word dit vervang met 'n deurlopende projek wat oor die hele jaar loop om gekonsentreerde versoeke vir bydraes van die gemeente minder te maak en die versoeke vir spesifike barmhartigheidsbydraes eerder te versprei oor die jaar.**

Elke maand is op die kerk-almanak aan 'n spesifieke soort behoefte gekoppel. Deurkollektes word sover moontlik volgens hierdie tema ingedeel. Die 2 maande waarin die gemeente gevra word om vir gemeentefondse by te dra (Meimaand: Dankbaarheidsmaand) en September (Lentefeesmaand) is daar nie 'n spesifieke tema nie. Daar is wel in die maande deurkollektes, waaronder ook vir van ons barmhartigheidsorganisasies wat ook gedurende ander maande 'n kollekte-geleentheid kry (soos Voedingsaksie en Huis Horison). Organisasies kry die geleentheid om bemarking te doen vir hulle saak op die Sondag wanneer die deurkollekte vir hulle is. Dit is in die vorm van pamflette, skryfstukke op die gemeente se webblad, kennisgewingborde, voorleggings in die kerk of 'n praatjie tydens 'n kerkdiens.

- **Kerk-almanak kollektes en onderwerpe:**

(0rganisasies wat in rooi gemerk is, is die groepe wat deur ons barmhartigheidsbediening ondersteun word.)

**Januarie:**
Hoofsaaklik mense met middel-afhanklikheid: (Uitsondering:Internasionale Studentebediening), ingesluit Ramot, ABBA, Badisa, Drakenstein Gevangenisuitreik**.**

**Februarie:**
Die jeug : Alta du Toit-skool, Jeugwerk sinodaal, ACVV, Jeuguitreik

**Maart:**
Mense met gestremdhede en spesiale behoeftes: Huis Horison, Jan Kriel Instituut, Paarlskool, Instituut vir Blindes

**April:**
Werklose mense: Gemeentenoodfonds, Straatlig, Alta du Toit Nasorg, Stellemploy, Arbeidsbediening

**Mei:**
**DANKBAARHEIDSMAAND: INSAMELING GEMEENTEFONDSE en Gemeenteontwikkeling**: Gemeenteontwikkeling, Gemeentebediening, Gemeentehulpfonds, Teologiese Kweekskool

**Junie:**
Haweloses en mishandelde mense: Nagskuiling, Kindersorg, MES Kaapstad, Safehouse

**Julie:**
Opleiding en Bybelverspreiding: Studentebearbeiding, Bybelgenootskap, Christelike Lektuurfonds, Hugenote Kollege, Bediening aan Dowes en Instituut vir Dowes

**Augustus:**
Mense met voedingsnood: Nagskuiling, Voedingsaksie, ACVV, Noodfonds

**September:**
**LENTEFEESMAAND. Deurkollektes word in September gedoen vir** Huis Horison, Drakenstein Gevangenis, Voedingsaksie, Bediening aan Jode

**Oktober:**
Bejaardes en siekes: Geluksoord, Hospitaalbearbeiding, Kansa, Hospice, ACVV

**November:**
Kinders en Gesondheid: Safehouse, Jamestown Sounds, Paarl Hospitaal Neonatale Eenheid, Vigsaksie

**Desember:**
Sending: Radiokansel, Biblia hawesending, Makatini, Kerkbode Kersfonds en Studietrust, Sending Zimbabwe, Malawi, Mosambiek

**6. Ander sake:**

6.1 Breadtags for wheelchairs – die projek word goed deur die gemeente ondersteun

6.2 Valencia – R1000 word uit die DBV noodfonds geskenk as hulp tydens haar dogter se hospitalisasie. R1000 word met die vergadering bewillig vir skoolfonds vir haar dogter.

6.3 Mbulelo – R2 000 se geldelike hulp na afbrand van huis en sy vrou se beroerte word uit die DBV noodfonds gedoen. Daar was baie goeie gemeente-ondersteuning geldelik en andersins vir hom en sy gesin. Die vergadering bewillig 'n verdere R1000 vir Mbulelo vir skoolfonds of skoolklere vir sy kinders.

6.5 Babasakke, truie en babaklere word gereeld gemaak vir ons projekte.

6.6 Nog lidmate moet gevind word om betrokke kan raak by die bestuur van die B-Aksie.

6.7 Advertensies word gereeld in die Welweek en op die webtuiste geplaas vir oa kos vir Nagskuiling en Voedingsaksie, Hospice linne en ander sake wat onder ons aandag kom.

**7. Korrespondensie**

Bedankingsbriewe ontvang van ACVV, Stellemploy, Voedingsaksie, Huis Horison, Voedingsaksie, Nagskuiling, Jeuguitreik, Safehouse, Paarl Hospitaal. Lindelani en Akkerland.

**8. Volgende vergadering:** Dinsdag 2 Mei 2017